Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
www.laerskoolmontagu.net
monties@telkomsa.net
023 614 1640

MONTIENUUS

13 September 2023
OB 33

Beste Ouers

Die leerders is volstoom besig met toetse, take en projekte, in die huidige assesseringsiklus. Sterkte Monties!

In die laaste drie weke van die kwartaal vind daar baie kultuuraktiwiteite plaas. Die laaste somersportoefening was op 12 September. Die kore neem vandag aan die Eisteddfod deel. Volgende week vind voordrag plaas en die spreekkoor tree op by die Eisteddfod. Ons gaan volgende kwartaal 'n talentkompetisie vir die leerders hou en die uitdunne vind op 20 September plaas.

Op 19 September word groepfoto's vir die wintersport geneem. Leerders moet seker maak dat hulle alle klere en toerusting saambring vir die foto's. Dit is nie nodig vir hokkiestokke nie.

Die skool sluit op 29 September om 10h30. Rapporte van leerders wat afwesig is, sal vanaf 10:15 – 10:30 in die saal beskikbaar wees. U kan by die voetgangerhekkie vanuit die aflaaisone direk na die sydeur van die saal gaan. Daar sal assistente wees wat die rapporte uitdeel. Indien u kind se rapport saam met iemand anders moet gaan, moet u dit asb. skriftelik versoek.

d6 Connect

Ouers wat nog nie die d6 Connect-app gebruik nie, word weer versoek om dit af te laai. Hierdie is ons primêre bron van elektroniese kommunikasie. Indien u dit nie gebruik nie, gaan daar inligting wees wat ons soms dringend by u wil uitkry, wat u nie gaan bereik nie. Alle algemene inligting word steeds via die Montienuus en Omsendbriewe versprei.

Alles van die beste vir die week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Geborg deur:
Montagu SPAR
023-6143080
goed vir jou

BELANGRIKE DATUMS

Woensdag, 13 Sep	Eisteddfod Kore (Robertson)
Vrydag, 15 Sep	Entrepreneurs (gr. 7O)
Dinsdag, 19 Sep	Foto's: Wintersport
Woensdag, 20 Sep	Montienuus: Laaste vir die kwartaal Talentkompetisie uitdunne
Donderdag, 21 Sep	Worcester Eisteddfod (voordrag en spreekkoor) tuis
Vrydag, 22 Sep	Entrepreneurs (gr. 7S)
Maandag, 25 Sep	Openbare vakansiedag (Erfenisdag)
Woensdag, 27 Sep	Gr. 5 SOS-Kamp Matrieksaal
Donderdag, 28 Sep	Gr. 5 SOS-Kamp Speletjiesdag
Vrydag, 29 Sep	Gr. 5 SOS-Kamp SKOOL SLUIT (10h30)

Beurtkrag en ons telefoon:

Ongelukkig is ons sentrale baie oud. Wanneer die krag af is, gee die foon 'n luitoon wanneer u bel, maar dit lui nie by die skool nie. Ons kan dus nie oproepe ontvang tydens beurtkrag nie.

Personeel verjaarsdae

Beon Hartnick: 10 September

Mechyla Schoeman: 12 September

Casey-Lee Wilschut: 24 September

Dawieda Krüger: 28 September

LM SKAKEL BESTELLINGS

LM SKAKEL bestellings kan vanaf 7 tot 14 September geplaas word.

Vir slegs R5, kan jy 'n koerantjie propvol kraakvars nuus koop.

Moet dit nie misloop nie.

W I N T E R S P O R T F O T O ' S

Op **19 September** word die wintersportfoto's geneem. Leerders kan, soos gewoonlik, met sportklere skool toe kom. Hierdie jaar word die winter- en somersport apart afgeneem. Die spesiale foto's, waar leerders verdere prestasies behaal het, sal volgende kwartaal geneem word. Onthou asseblief die netbalrompie, hempie en tekkies indien nodig. So ook die swart hokkiesokkies en rugby kortbroekie.

I/SF Kultuurmiddag

Ongelukkig sal die middag nie meer plaasvind nie, a.g.v. skole wat onttrek het.

Van die redenaars neem wel 26 September aan Worcester-Noord se Kultuuraand deel.

Atletiekoefeninge: RAMA-akademie

Maandae en Woensdae (14:30 tot16:00)

- Spiesgooi, gewigstoot, diskus – Hesmari van Deventer (Maandae en Woensdae – 14:30 tot 15:30)
- Fiksheid – Jordan Turner

Sessies @ R40